


# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## 8-14 JUNIE 2026

**Om God te ken** is veel meer as net om van Hom te weet; dit is om Sy hart te soek, nou saam met Hom te wandel, en in geloof en gehoorsaamheid op Sy stem te reageer. Deur die Skrif heen het God Homself persoonlik geopenbaar aan diegene wat Hom met nederigheid, geloof en oorgawe gesoek het.

Ons nooi jou uit om saam met ons te bid gedurende hierdie reeks van drie dele, wat fokus op **'Om Sy Stem te Hoor'.**

Laat ons hierdie tweede week tyd opsy sit om na te dink oor die verskillende maniere waarop God met mense deur die Skrif gepraat het en oorweeg hoe ons ook ons ore kan instel om Sy stem te hoor, Sy leiding te onderskei en Hom in gehoorsame oorgawe te volg.

---

**MAANDAG 8 JUNIE 2026**
**LEES DIE GESKREWE WOORD, KEN DIE LEWENDE WOORD**
*Die bevele van die HERE is reg: ...dit verlig die oë.* (Psalm 19:8, AOV).

**Voorbeelde in God se Woord**: Psalm 1, Openbaring 1:3

Die Woord van God, geïnspireer deur die Heilige Gees deur sowat 40 outeurs oor 1 500 jaar, openbaar op unieke wyse God se stem deur merkwaardig verweefde geskrifte wat oor baie verskillende tydperke strek.

**Hoe weet ek of dit God se stem of wil is?**
Die Heilige Gees sal nooit God se Woord weerspreek nie. Waak daarteen om slegs uitgesoekte verse vir leiding te gebruik, want die geheel van God se Woord is waarheid (Psalm 119:160).
**Kom ons bid**
- Bid dat **nuwe gelowiges** daagliks tyd in God se Woord sal deurbring. Vra die Here om hulle te help **om enige weerstand** teen die lees van hul Bybels te oorkom.
- Bid ook dat gelowiges die nodige tyd sal neem om **God se raad te soek** om seker te maak dat dit wat hulle gehoor het, werklik God se stem is.

---

**DINSDAG 9 JUNIE 2026**
**VOLG DIE STEM VAN DIE HERDER**
*My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My.* (Johannes 10:27).

**Voorbeelde in God se Woord**: Psalm 23, 1 Petrus 5:1-8

Godsdienstige en politieke leiers in die Ou Testament is dikwels as herders beskryf. Die eienskappe van 'n ware herder sluit sorg, opofferende diens, liefde, vertroosting en liefdevolle dissipline in.

**Hoe herken ek die Herder se stem selfs wanneer Hy deur leiers praat?**
Skryf die woorde neer wat jy hoor en vergelyk dit met die eienskappe van die Herder volgens Psalm 23.

**Kom ons bid**
- Bid vir **onderskeiding vir die jeug in jou plaaslike gemeente** om die stem van Jesus, die Goeie Herder, geestelik te onderskei.
- Bid ook dat geestelike leiers **nie op hulle eie insig sal steun nie**, maar eers die leiding van Jesus sal soek, voordat hulle besluite neem wat die lewens van dié wat hulle lei, sal beïnvloed.

---

**WOENSDAG 10 JUNIE 2026**
**BONATUURLIKE ONTMOETINGS**
*Terwyl hy kyk, sien hy dat die doringbos aanhou brand, maar nie uitbrand nie. Toe die Here sien dat hy nader kom om te kyk, roep God na hom uit die doringbos: "Moses! Moses!" En hy antwoord: "Hier is ek."* (Eksodus 3:2b, 4).

**Voorbeelde in God se Woord**: Saul (Handelinge 9:1-6), Johannes (Openbaring 1:10-20)

God is Gees. Hy het materie en alles wat ons fisies sien en waarmee ons interaksie het, geskape, tog moet ons nie ons begrip van Hom beperk tot net die natuurlike wêreld nie.

**Hoe weet ek of 'n ontmoeting werklik geestelik was en nie bloot 'n emosionele ervaring nie?**
'n Geestelike ontmoeting met God lei tot gehoorsaamheid, geestelike transformasie of vernuwing en dra geestelike vrug wat God se krag en mag verheerlik.

**Kom ons bid**

- Bid dat **gelowiges wat geestelike ontmoetings gehad het met God,** naby aan die Here sal wandel in gehoorsaamheid, nederigheid, oorgawe en reinheid.

---

**DONDERDAG 11 JUNIE 2026**
**GOD SE HOORBARE STEM**
*... het die HERE na Samuel geroep; en hy het geantwoord: Hier is ek.* (1 Samuel 3:4, AOV).

**Voorbeelde in God se Woord:** Moses (Eksodus 3:4), Samuel (1 Samuel 3:4-10), die Here Jesus se doop (Matteus 3:17)

Soms het God, volgens die Skrif, op 'n duidelik hoorbare manier gepraat wat mense kon hoor.

**Hoe weet ek die hoorbare stem behoort aan God?**
God se stem word beskryf as majestueus en kragtig, onderskeibaar van enige ander stem (Psalm 29). In die Skrif is die menslike reaksie op die ontmoeting met God se hoorbare stem dikwels onmiddellike ontsag, eerbiedige vrees, diepe nederigheid en hoogste respek. Daar is 'n onmiskenbare besef dat dit die stem van God is.

**Kom ons bid**

- Soos Saulus, wat die hoorbare stem van God gehoor het en volkome verander is om Sy Koninkryk uit te brei, **bid dat vervolgers van die Kerk** vandag op soortgelyke wyse God sal ontmoet.

---

**VRYDAG 12 JUNIE 2026**
**DIE HEILIGE GEES**
*Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig.* (Johannes 16:13).

Die Heilige Gees het deur die Bybel heen met verskeie persone gepraat en hulle gelei, onderrig en toegerus vir Sy koninkrykswerk.

**Voorbeelde in God se Woord:** Simeon (Lukas 2:25-27), Filippus (Handelinge 8:29), Agabus (Handelinge 11:28 )

**Hoe weet ek dat dit die Heilige Gees is wat met my praat?**
Ons het die inwonende Heilige Gees, ons Helper, nodig om ons in elke seisoen te lei. As die Gees van Waarheid sal Hy nooit God se Woord weerspreek nie en herinner Hy ons aan die leringe van die Here Jesus (Johannes 14:15–26).

**Kom ons bid**

- Bid dat Christenkinders sal leer om die stem van die Heilige Gees te hoor.
- Bid vir **sendelinge en evangeliste** om Sy leiding te volg en nuwe gelowiges getrou aan God die Vader, die Here Jesus en die Heilige Gees bekend te stel.

**SATERDAG 13 JUNIE 2026**
**DROME EN VISIOENE**
*Hy het vir hulle gesê: "Luister na die droom wat ek gehad het. Ons was op die land besig om gerwe te bind en skielik gaan staan my gerf regop en julle gerwe gaan staan daar rondom en hulle buig voor myne."* (Genesis 37:6-7).

**Voorbeelde in God se Woord:** Josef (Genesis 37:5-10 ), Daniël (Daniël 7-12 )

**Hoe vertolk ek 'n droom of visioen?**
Praat eers met die Here. Die uitleg behoort aan Hom (Genesis 40:8; Daniël 2:16). Vertrou Hom om Sy hart te openbaar. Benader drome of visioene met nederigheid, eerbiedige ontsag en versigtigheid, en waak daarteen om trots te word of behep te raak met buitengewone geestelike ervarings.

**Kom ons bid**
- Herinner die Here aan Sy belofte om Sy Gees op **alle vlees uit te stort** en bid dat jonk en oud in hierdie geslag drome sal droom en visioene sal sien volgens Sy Woord.
- Vra dat **toekomstige geslagte** wat nog gebore moet word, Hom getrou sal dien.

---

**SONDAG 14 JUNIE 2026**
**TEKENS**
*Gideon het vir God gesê: "Ek sal weet dat U deur my vir Israel wil red soos U beloof het, as ek 'n stukkie vlieswol op die dorsvloer sit en daar kom dou op die wol terwyl die grond droog bly."* (Rigters 6:36).

**Voorbeelde in God se Woord**: Gideon (Rigters 6:36-40), Belsasar – skryfwerk op die muur (Daniël 5)

'n Teken kan gesien word as bevestiging van wat die Here reeds oor 'n saak openbaar het.

**Hoe beoefen ek versigtigheid wanneer ek God vir 'n teken vra?**
Bly gehoorsaam aan opdragte in God se Woord. Weerstaan die versoeking om besluite te neem wat op jouself gerig is; soek eers God se Koninkryk (Matteus 6:33).

**Kom ons bid**
- Bid dat **mense in gesagsposisies,** van dié wat hulle vooraf gegaan het, oor God, Sy werk en Sy opdragte sal leer.
- Bring gelowiges voor die Here wat hulleself by kruispaaie in hulle lewens bevind, om die stem van die Here agter hulle te hoor wat sê: *"Hier is die pad, loop hierlangs."* (Jesaja 30:21).

---